# Gemeenskap en boere kom bymekaar in Gebed vir Reën en Hoop




"Wees sterk en vol moed en doen die werk. Moenie bang wees of moedeloos word oor die groot werk nie. Want die Here God, my God, is met jou. Hy sal jou nie in die steek laat of verlaat nie."

Met hierdie teksvers (1 Kronieke 28:20), is die gemeenskap aangemoedig om te midde van die knellende droogte, 'n verootmoedigingsdiens op Woensdag, 11 Desember, by te woon. Die geleentheid het ook as 'n biddag vir reën gedien. Die diens is deur ds. Braam van Zyl vanuit die NG Moedergemeente, Heilbron, gelei.

Die kerk was gevul met 'n bekommerde landbougemeenskap en ook met reg so - gesaaides kry tans baie swaar in warm, droë omstandighede en groot skaalse skade is aan die ontwikkel indien dit nie binnekort reën nie. Vir die meeste boere 'n tweede jaar van ramptoestande wat dreig.

Nadat Ds. Van Zyl 'n boodskap van hoop gelewer het, is daar geleentheid vir gebed gegee. Die boere het nie net vir reën gevra nie, maar ook vir God se leiding en beskerming in uitdagende tye.

Alhoewel vroeëre voorspellings daarop gedui het dat vanjaar se somer met 'n La Niña-verskynsel gepaard sou gaan, gaan dele van die Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes tans onder groot droogtetoestande gebuk met temperature wat daagliks die kwik tot bo 30® C laat styg en droë winde wat steeds nie wil gaan lê nie.

Volgens die Suid-Afrikaanse Weerdiens, blyk dit asof neerslae vanaf Saterdag vir Heilbron en die omliggende omgewing verwag kan word wat dan vir die hele week volgende week kan duur.

Tog is almal wat die verootmoedigingsdiens bygewoon het dit eens: die mens wik, maar God beskik. Ons geloof en ons vertroue is in die lewende God alleen.

# Huppel Trippel sluit die jaar af met pragtige Kersliedere



*Op die foto bo bedank Nonna Roos vir ds Braam van Zyl vir sy boodskap.*

Daar is altyd 'n tikkie nostalgie aan die einde van 'n jaar. Wanneer vriende wat soos familie geword het, 'n jaar saam afsluit, is dit dieselfde. Lede wat verhuis, word gegroet. Hulle verhuis na 'n onbekende bestemming, en onwetend wonder dié wat agterbly of hulle "plaasvervangers" net so gemaklik soos hulle sal inpas. Maar steeds is daar 'n soort afwagting oor wat die toekoms inhou. Mag Huppel Trippel veilig saam met 2024 oorstap in 2025 in.



*Bettie Swart het weereens gesorg vir heerlike eetgoed.*

# Haglike stortterrein verg aandag



***• DA***


DA-raadslid Robert Ferendale kla in 'n sterk-bewoorde brief aan die munisipale bestuurder, Dr Futhile Mothamaha, oor die " haglike toestand" van Heilbron se munisipale stortterrein. Hy sê dit hou ernstige gesondheidsrisiko's vir die plaaslike gemeenskap in, en vereis onmiddellike ingryping, onder meer deur ’n grootskaalse opruiming. "Dan benodig dit daarna doeltreffende en deurlopende toesig."

Sy brief volg op 'n onlangse terreinbesoek. Hy het toe opgelet die toegangsweg is so vol rommel dat slegs een voertuig op ’n slag kan deurkom, en dat die ingang na die steengroef heeltemal versper is. Hy sê dat die onbeheerde terrein nou ’n brandpunt is vir gevaarlike leeftoestande. "Mense woon in tydelike skuilings van plastiek, en is heeltemal blootgestel aan die toksiese omgewing." Hy sê die gebied is vol gesondheidsgevare, en die inwoners leef voortdurend met risiko van siektes. Grondwater, asook nabygeleë weiding, word besoedel en skep 'n gevaar vir mens en dier.

Die Ngwathe munisipaliteit versuim lank reeds om hierdie kwessies aan te spreek, ten spyte van vorige versoeke deur hom, sê Rdl Ferendale. Hierdie versuim laat inwoners van Heilbron nou kwesbaar en verwaarloos.

Hy het namens die DA ’n beroep op die munisipaliteit gedoen om onmiddellik in te gryp. "Ngwathe moet die onwettige gemors begin opruim, effektiewe toesig in ooreenstemming met regskundige vereistes herinstel, en ’n strategie implementeer om die opvallende en kommerwekkende gesondheidsgevare te verminder."

Ferendale sluit sy brief af deur Dr Mothamatha geluk te wens dat hy ferm optree wanneer nodig. "Daarom vra ek dat u nou hier ook dringend sal optree." Teen gisteroggend het Ferendale nog op reaksie gewag. " Maar ek en my DA-kollegas sal voortgaan om vir beter munisipale dienslewering in die groter Heilbron-gemeenskap te veg."



# Vrystaat Landbou bekommerd oor huidige landboutoestande

“Bid asb. saam met ons boere vir reën!” sê Francois Wilken, President van Vrystaat Landbou (VL). Wilken het by die 20 Streekverteenwoordigers van VL regoor die Vrystaat dieselfde boodskap gehoor, in die saai gebiede: “Die mielies en soja’s wat net begin opkom kry baie swaar, as dit nie in die volgende week reën nie gaan daar oorgeplant moet word – en baie boere het nie meer produksie krediet om dit te kan doen nie, daar is so ‘n derde van die boere wat nog nie eers kon begin plant het nie! En in die vee gebiede: “Met die huidige hittegolf toestande het die laaste weiding van die seisoen opgedroog en is vee boere besig om voer ten duurste aan te koop - die wie wel nog voer in die hande kan kry en dit kan bekostig”.

VL het ‘n brief aan die LUR Landbou geskryf om haar te vergewis van die situasie op die grond. Hoewel daar niks is wat sy aan die weer kan doen nie, is hierdie situasie haglik en boere kan eenvoudig nie enige ekstra kostes aangaan nie. Boere gaan huidig gebuk onder onnodige veldbrande, gevegte oor vee wat onwettig wei, instandhouding van openbare paaie, verliese as gevolg van besoedelde munisipale afvalwater, ens. waaroor die regering wel beheer en ‘n mandaat voor het.

VL doen ook ‘n beroep aan enige iemand wie wel nog voer beskikbaar het om asb. dit beskikbaar te stel via die plaaslike Landbou Vereniging vir boere wat in nood is. Donasies of aanbiedinge van voer wat te koop is, kan aan VL se kantore deurgegee word via 0514444609 of ‘n WhatsApp te stuur aan 0716720271. Daar is veral ‘n behoefte aan molasse of supplemente wat met koringstrooi gemeng word sodat dit makliker deur diere verteer kan word.

Donasies kan aanlyn gemaak word op https://vrystaatlandbou.co.za/af/donate/ of direk inbetaal word aan die Vrystaat Landbou Ondersteuningstrust:

**Rekening naam:**
Vrystaat Landbou Ondersteuning
**Rekening Nommer:** 240280083
**Rekening tipe:** Business Current Account
**Tak:** Brandwag, Takkode: 055534
**Takkode** (elektronies paaiemente) 051001
**Verwysing:** Droogtehulp

Daar kan ook met Agri Arlington geskakel word wie ‘n versoek vir help aan VL gerig het: Voorsitter: Johnny Roodt,
Sel: 073 183 0770
Epos: agriarlington@mail.com

**Vrystaat Landbou Woordvoerders:**
Francois Wilken, President, Vrystaat Landbou 083 390 1831
Friedl von Maltitz, Visie-President, Vrystaat Landbou 083 462 7476
Gernie Botha, HUB, Vrystaat Landbou 082 376 4435 gernie@vslandbou.co.za
Dr Jack Armour, Kommersiële Bestuurder, Vrystaat Landbou 071 672 0271 jack@vslandbou.co.za
Kommunikasie beampte:
Elana Bester
083 483 1859 elana@vslandbou.co.za